

# Q&A

## Vayera

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

**DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:**

**Torah:** Gen 18:1 – Gen 22:24
**Haftarah:** 2 Kon 4:1 - 2 Kon 4:37
**B'rit Hadashah:** Mat 6:1 – Mat 7:29; Luk 17:26-37; 2 Pet 2:4-11; Heb 11:13-19 en Jak. 2:14-24

1. Waar het die drie besoekers aan Abraham verskyn, en wat is interessant aan die plek in Gen 18?
2. Is dit moontlik dat een van die drie "mans" wat aan Abraham verskyn, Abba Vader, YHVH self, kan wees? (Kyk na Joh 1:18 en 1 Timoteus 6:16.)
3. Wat het Abraham gedoen toe hy die drie manne voor hom sien, en watter prentjie van aanbidding word hier geskets?
4. Wat is drie redes waarom die drie besoekers Abraham in Genesis 18 besoek het?
5. Wat openbaar Sara se lag in Gen 18:10–12 oor haar geloof op daardie stadium, en hoe kontrasteer dit met Abraham se lag in Gen 17:17? Hoe kan ons Sara se reaksie op Abba Vader se belofte vergelyk met hoe die wêreld vandag reageer op die belofte van Yeshua se wederkoms?
6. Hoe was dit in die dae van Lot, en hoekom moet ons onthou wat met Lot se vrou gebeur het? Wat het met haar gebeur? (Luk 17:26)
7. Wat het die inwoners van Sodom gedoen toe hulle ontdek het dat Lot die twee gaste heimlik in sy huis genooi het?
8. Waarom het Lot se skoonseuns geglo dat hy 'n grap maak toe hy hulle gewaarsku het oor die naderende ramp wat oor Sodom sou kom?
9. Waarom het Lot se dogters beraam om deur hulle vader bevrug te word?



10. Wat was die name van die twee kinders wat vir Lot en sy dogters gebore is?

11. Waarom het Abraham vir ’n tweede keer gesê dat Sara sy suster is? Was dit omdat hy die eerste keer verkeerd besluit het, of was daar ’n ander rede?

12. Waarom het Abimelek vir Abraham die duisend sikkels silwer gegee, en hoe kan hierdie geskenk ons wys op Yeshua se rol as Verlosser en Middelaar?

13. Wat beteken die Hebreeuse woord vir “toets” in Genesis 22:1, en hoe word dieselfde woord gebruik in Eksodus 15:25 en Deuteronomium 8:2? Watter geestelike beeld skets dit vir ons?

14. Wat is die offer wat Abba Vader vir Abraham vra op die berg Moriyah [by Salem, waar Melki-Tsedek koning is], en watter geestelike betekenis en prentjie skep dit vir ons?

15. Hoe teken die offer van Isak en die voorsiening van ’n plaasvervanger op die berg Moriyah ’n prentjie van die Tempel en offers? Wat leer dit ons oor Abba Vader se verbond en Sy reddingsplan deur Abraham se nageslag?

16. Waarom dink jy het Abraham op die derde dag so duidelik gesien waar hy na toe moes gaan?

17. Waarom dink jy het Abraham die hout vir die altaar op Isak se skouers geplaas, en hoe is dit ’n prentjie van Yeshua se kruis?

18. Wat was Abraham se antwoord toe Isak vra waar die offerlam is, en watter groter profetiese betekenis of prentjie skets dit vir ons?

19. Hoe sien ons die simboliek vervul in Yeshua in die verhaal van die Torah (Abraham) en die haftarah (die Sunamitiese vrou), waar ouers hul kinders van die belofte huis toe neem? Wie het Hom huis toe geneem of gevat?

20. Wat is die kernboodskap wat Abba Vader deur hierdie week se gedeeltes (Genesis 18:1–22:24; 2 Konings 4:1–37; 2 Petrus 2:4–11; Hebreërs 11:13–19) aan ons gee?